

## **Maandag**

Mat. 28: 16 – 20. Christus is met alle mag God met ons en ons kinders. Daarom is gelowige ouers en hulle kinders, vandat hulle babas is, saam dissipels van die Here wat met hulle is. In Mat. 28: 19 moet 'n mens kyk waar staan die dubbelpunt (1983 vertaling). Dit staan na die opdrag “maak dissipels”. Na die dubbelpunt volg die wyse waarop dissipels gemaak word, op twee maniere, doop en alles leer. Dit is hoe die Griekse teks lees: maak dissipels, dopende en lerende. Die eerste Protestantse Bybelvertaling, dié van Martin Luther, het al hierdie dubbelpunt aangebring om die Grieks reg te vertaal. Omdat die sin só lees, kan babas dissipels van die Here wees wat eers gedoop word en hulle hele lewe dan geleer word. Dit is hoe dissipels gemaak word. Wanneer jy nie glo dat babas saam met hulle ouers dissipels is wat gedoop en geleer kan word nie, dan moet vers 19 anders geles word. Dan moet dit lees dat 1. jy eers 'n dissipel moet word deur tot bekering te kom, 2. dan moet jy gedoop word en 3. dan moet jy alles oor die Here leer. Die Grieks maak so 'n vertaling van drie dinge wat opeenvolgend gedoen moet word onmoontlik. ds. Petrus Kriel (Mp3 preek by ngkerklewubu.co.za)

## **Dinsdag**

Mat. 28: 16 – 20. Die opdrag “maak dissipels” staan tussen Christus se twee magsverklarings: “Alle mag is aan My gegee” en “Ek is met julle.” Met hierdie twee magsverklarings is die aankondiging in Mat. 1: 1 en 17 dat Hy die seun van Dawid en die seun van Abraham is, vervul. Die verklaring van alle mag is die vervulling van die Dawidsbelofte oor die Seun van Dawid in 2 Samuel 7: 11 – 16 en die verklaring om God met ons te wees, is die vervulling van die Abrahamsbelofte soos saamgevat in o.a. Eseg. 36: 24 – 30. God met ons beteken Hy maak die Abrahamsbelofte vir en in ons 'n werklikheid: Hy reinig ons werklik van sonde, Hy gee ons 'n nuwe hart, verwyder ons hart van afgodery, gee sy Gees in ons en laat ons volgens sy wet leef. Só is Christus God met ons, ons Wonderbare Raadsman wat ons in die wysheid van sy nuwe wet lei, ons magtige God wat ons geborge aan Hom laat behoort, laat Hy as Seun sy Vader ons ewige Vader in liefde wees en is Hy ons Vredevoers wat ons in die rus laat woon om Hom vreesloos te mag dien. (Jes. 9: 5) “Met ons” beteken nie maar net teenwoordig nie, maar Hy maak dit 'n volle werklikheid dat Hy God vir ons is en ons sy volk is, soos Hy ons wil hê. (Eseg. 36:28) ds. Petrus Kriel

## **Woensdag**

Mat. 28: 16 -20. Christus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens het Hom as Here alle mag gegee om ons volkome van sonde te verlos. (Mat. 1: 21- 23) Met hierdie mag maak Christus die ondernemings van God in Eseg. 36: 24 – 30, seëninge in ons en ons kinders se lewe. Hy is Immanuel, God met ons en ons kinders, deur ons in al die seëninge van die Abrahamsbeloftes in te sluit. Babas en kinders was van Genesis 12 af nog altyd ingesluit in al die seëninge. In Mat. 19: 13 – 15 wys die Here met 'n handeling dat kinders ingesluit is in die seëninge dat Hy God met ons is. Kinders wat net kinders is, is deel van sy koninkryk, dit is deel van sy die lyding, sy kruisiging en sy opstanding van Christus. Christus sluit kinders wat net

kinders is, nie uit sy lyding en opstanding nie en gee hulle ook nie vir hulle ander seëninge as die seëninge van die Abrahamsbelofte nie. Daarom kan babas die teken, die doop, dra dat hulle in gesluit is in die seëninge van Christus, en kan hulle ook alles geleer word wat die Here ons beveel het. Om die Here se seëning van kinders, ander seëninge te maak as dat Hy God met ons is, of dit te sien as voorbeeld dat kinders eers grootmensdinge moet doen om ingesluit te word, misken die mag van Christus om God met ons en ons kinders te wees. ds. Petrus Kriel.

### **Donderdag**

Mat. 28: 16 – 29. Christus is met alle mag God met ons en ons kinders van voor hul geboorte af. Hulle leef in die seëninge van God se liefde en genade deur die kruisiging en opstanding van Jesus Christus. Daarom ontvang ouers hierdie babas as sy dissipels om hul te leer om alles te onderhou wat die Here hulle beveel. (vers 20) As dissipels van die Here word kinders opgevoed om saam met ouers in God se genade en liefde te leef. Alle onderrig is om te leer om in te pas in die lewe waarin God, God met ons is. Dit gebeur nie net in spesiale godservarings nie. Om sonder alkohol in die baarmoeder te ontwikkel; om te leer om te eet wanneer dit nodig is en nie sommer net soos jy wil of om net stil gemaak te word nie; om te leer om in te pas in die slaap- en werkpatroon van ouers wat die Here dien; om as baba deur 'n ma en pa met die vrug van die Gees (Gal. 5: 22 -25) behandel te word, is alles deel van die dissipelskap van 'n kind: om te leer om saam met God wat God met ons is te leef. So word dissipelskap deel van die persoon van 'n kind. Kinders se persoon word binne vyf jaar vasgelê vir altyd. Dissipelskap kan nie vir hierdie kinders eers begin na hul persoon na vyf jaar klaar gevorm is nie. ds. Petrus Kriel

### **Vrydag**

Mat. 28: 16 – 20. Geestelikes verklaar voordat kinders tot bekering gekom het, het hulle nog nie deel aan die kruisiging en opstanding van die Here nie. Hulle is nog net geseën, maar nog nie dissipels van die Here nie. Daarom moet kinders “gegroom” word om dissipels te word. “Grooming” is die magspel van innige omgang met kinders om hulle in te breek tot oorgawe aan die begeertes van grootmense. Geestelikes wil dat ouers hul kinders met goddelike innighede (seëninge) sal sagmaak om hulself aan god se luste en begeertes oor te gee. Hulle god is vervul met luste en begeertes vir kinders. Hy begeer 'n intieme verhouding met kinders, begeer om hul harte te vat, hul lewens sy eie lewe te maak, homself deur hul lewe uit te leef en die beheer van hul lewe oor te neem. Hierdie is 'n afgod sonder sy eie lewe en toekoms wat kinders net misbruik om 'n lewe en 'n toekoms te kry. Deur die sagmaakproses van goddelike innighede (seëninge) moet ouers hul kinders gereed maak om deur hierdie afgod ingebreek en oorgeneem te word. Eers na hierdie onderwerping, wat geestelikes 'n bekering noem, mag hulle gedoop word en dan as dissipels geleer word hoe om in totale oorgawe aan hierdie afgod se begeertes te leef. ds. Petrus Kriel